



Nuusbrief 13 9 Mei 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen

083 454 2843 wilnav@leeuwenhof.co.za

Gawe kinders:

In hierdie uitgawe:

Bl. 1 Gawe kinders.

Wenke

Bl. 2 Baie dankie

Omgee

Welpierugby

Bl. 3 Belangrike datums

Moedersdaguitnodiging

Mei is mammas se maand!

Almal wil graag glo hul bloedjies is die liefste, oulikste kinders ter wêreld. Maar is dit regtig waar, en wat moet jy doen om die gawe kinders groot te maak wat jy so graag wil hê?

Navorsers aan die Universiteit van Harvard in die VSA het pas in 'n studie bevind byna 80 persent van die jongmense wat aan die studie deelgeneem het, het gesê hul ouers is baie besorg oor hul prestasies en geluk, meer as wat hulle besorg is daarvoor dat hul kind vir ander omgee.



So maak ons gawe kinders groot :

Richard Weissbourd, 'n sielkundige wat deel was van die studie, sê as ons graag wil hê ons kinders moet gaaf wees, moet ons hulle so grootmaak.

"Kinders word nie eenvoudig goed of sleg gebore nie en ons moet nooit moed opgee nie. Hulle het volwassenes nodig wat hulle sal help om in elke fase van hul kinderjare om te gee, respekvol te wees en verantwoordelik op te tree."

Maak omgee 'n prioriteit. Ouers is geneig om hul kind se geluk en prestasies belangriker te ag as dat hul kind vir ander omgee. Tog is dit belangrik dat jou kind van jongs af leer hulle kan bydra tot ander se geluk. Vertel jou kinders hoe belangrik dit is om vir ander om te gee. Sê eerder: "Die belangrikste ding is dat jy gaaf is." **as** "Die belangrikste ding is dat jy gelukkig is."





Maak dit 'n reël om vir ander om te gee.

“Die belangrikste reël in ons huis is dat ons gaaf moet wees,” skryf Shawn Fink, die stigter van die Abundant Mama-projek op haar blog. “Al die ander dinge in die lewe val onder daardie reël.”

Maak ook seker jou kinders spreek ander altyd met respek aan. Jy kan daagliks 'n geleentheid skep waar hulle praat oor iets waarvoor hulle daardie dag dankbaar was.

Baie dankie, Mamma:

Die belangrikste ding wat sy oor die jare geleer het, is dat daar geen manier is om 'n volmaakte ma te wees nie, maar 'n miljoen maniere hoe om 'n goeie een te wees. *Jill Churchill.*

Baie dankie!

Baie dankie aan Philip van Rooyen, wat die afrigters se klere vir ons gaan borg.



Welpierugby:

Ons eerste wedstryde het so goed verloop—dankie aan ons besonderse afrigters en ons pragtige seuntjies!

Baie dankie aan ouers en grootouers vir ongelooflike ondersteuning! Ons seuntjies kan net uitblink met sulke positiewe onderskraging!

Ons vra vriendelik dat u die groen hempies, wat Tanya Viljoen inderhaas vir ons laat borduur het, sal terug stuur skool toe. Ons deel die nuwe, pragtige klere uit, waarmee die seuntjies die volgende drie Saterdag sal speel. Dié klere, die truitjies en broekies, moet asseblief na die laaste wedstryd terugbesorg word aan die skool. **Die nuwe klere kan gewas word, maar net in KOU water, asseblief. Geen tuimeldroër mag gebruik word nie, asseblief.**



Belangrike datums:

- 12 Mei:** **Moedersdagverrassing!**
Tee en Koffie—enige tyd van 07:00 af tot 08:15, wanneer u kindjie afgelaai word!
- 13 Mei:** Welpierugby Oosterkruin
- 15 Mei:** Eduvet besoek ons!
- 19 Mei:** Balledag—elkeen bring 'n bal, met name op, asseblief!
- 20 Mei:** Welpierugby MW de WET
- 25 Mei:** **Hemelvaartdag**
Ons besoek die Kerk naby skool
- 27 Mei:** Welpierugby Leeuwenhof
- 29 Mei:** **Tot 1 Junie**—tradisionele kos
- 2 Junie:** **Boeresport en Worsbraai**



Skep geleenthede waar jou kinders omgee en dankbaarheid kan beoefen:

Soos met die meeste dinge in die lewe, verg dit oefening om te leer om gaaf te wees. Vra hulle om 'n maat met 'n taak te help of die bure se kat te voer wanneer hulle met vakansie is. Praat met jou kind oor voorbeelde wat hulle byvoorbeeld op televisie sien van mense wat omgee. Wees self die voorbeeld van omgee. *Albert Einstein sê:* 'Dis net as jy vir ander leef dat jou lewe die moeite werd is.' Dankie vir al ons omgee-ouers!
Vriendelike groete! Wilna van Rooyen



Moedersdagverrassing:

Ons nooi ons mammas, wat hul kinders by die skool aflaa, om op Vrydag 12 Mei enige tyd van 07:00 tot 08:15 'n koppie tee of koffie saam met ons te drink!

Ons maatjies het 'n klein verrassing vir elke Mamma!

Ons kuier graag vir 'n oomblik saam met ons Mammas!

Mammas:

"Ma" beteken onbaatsugtige toewyding, grenslose opoffer-ring en liefde wat alle verstand te bowe gaan.

Ananiem

